Me. Thobeka Tyboch, hoof van die Langabuye Educare Centre in Mbekweni, glo die kleuterskool kan die gemeenskap wys hoe belangrik opvoeding is.
Foto: LEANNE STANDER

Kleuterskool in Paarl juig oor nuwe 'gebou'

JAN GERBER

PAARL. – Twee verskepingshouers het gisteroggend vir groot blydskap en gesange in Mbekweni hier gesorg.

"Halleluja! Loof Jesus!" het die ma's van kinders in die Langabuya Educare Centre gesing. Die houers gaan vir dié kleuterskool in 'n gebou omskep word.

"Ek het tien jaar lank in 'n plakkershut gewerk, maar nou gaan ek nooit weer in 'n plakkershut werk nie," het 'n opgewonde me. Thobeka Tyboch, hoof en stigter van die kleuterskool, gister gesê.

"Ons het nou 50 geregistreerde kinders, maar daar is 80 op die waglys.

"Ons wil die kinders se toekoms verbeter en die gemeenskap wys hoe belangrik 'n opvoeding is."

Die kleuterskool is eers gehuisves in twee vraghouers. Nou het hulle nog twee bygekry. Die houers sal so geplaas word om met verdere verbouings in 'n gebou omskep te word.

Volgens mnr. Marius van der Colff van die organisasie Cargo of Dreams, wat die projek fasiliteer, is die vraghouers 'n loodsprojek en hoop hulle om vir nog tien kleuterskole in Mbekweni hierdeur geriewe te gee.

Die twee nuwe vraghouers is in die VSA deur gemeentelede van die Cost Hills Community Church aanmekaargesit. Die Paarlberg NG gemeente sal nou vir die konstruksie en instandhouding van die gebou sorg.

Volgens Van der Colff was 600 lede van die VSA-kerk betrokke by die projek. "Selfs 'n vyfjarige dogtertjie het oliebolle verkoop en sō $600 ingesamel."

Mnr. Chris Carnel is een van die Amerikaners wat aan die houers help werk het. "Ek het hiervan gehoor tydens 'n preek en besluit om te help. Dit het soos die regte ding om te doen gevoel."

Me. Bulelwa Depe is een van die tevrede ma's wie se kinders van die kleuterskool gebruik maak. "Ons is baie gelukkig hiermee. Ek waardeer wat die mense vir ons doen."

Volgens Van der Colff sal die houers se installering teen die einde van die week voltooi wees. Die gebou sal teen die einde van Augustus klaar wees. 'n Muur gaan gebou en 'n dak gaan opgerig word om die opening in die eerste week van September te hou.